higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3

(11020263)

8 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

420Q1N2008

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Vooraf geposisioneerde voorraad word dikwels in doeanepakhuise gehou om vinnige uitvoer te verseker.

1.2 Veiligheid is een van die faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n geskikte ligging gekies word.

1.3 Die vestiging van 'n pakhuisterrein in die regte gebied kan help om die vervoerkoste van die pakhuis na die kliënt hoog te hou.

1.4 Gedrewe berging ('live storage') verwys na rakke wat op wiele of rollers gemonteer is.

1.5 Laaistelsels werk goed wanneer groot voorwerpe geberg word.

1.6 Swak padtoestande in baie gebiede van Suid-Afrika en minder vervoerregulasies stel groot uitdagings aan pakhuisbestuurs.

1.7 Diefstal is een van die uitdagings waarmee pakhuis- en bergingsbestuur te make het.

1.8 Gebiede soos Isando, Sebenza, Jet Park en Spartan is almal naby Kaapstad Internasionale Lughawe.

1.9 Pakhuisbestuurders moet antwoorde verskaf op vrae oor voorraadvlakke en die akkuraatheid van die data.

1.10 Verpakking word dikwels beskryf as die wetenskap van die voorbereiding van eenhede goedere wat vervoer en uiteindelik verkoop moet word.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

gesofistikeerde; vurke; hystoestelle; hyskrane; teengebalanseerde vurkhyser; houers; sleepbote en trekkers; pakhuise; voerband; bestellingskiestrollies

2.1 ’n ... is op so ’n manier ontwerp dat die lading wat aan die kant van die vragmotor opgelaai word, teengebalanseerd is.

2.2 Palettrollies is die algemeenste stukke toerusting wat in ... gebruik word om palette vinnig te beweeg.

2.3 Stapelvragmotors het kajuite wat met ... opgelig kan word om operateurs in staat te stel om te sien waar hulle werk.

2.4 Toerusting wat gebruik word vir die beweging van goedere per hand, sluit in …

2.5 ... word gebruik om swaar ladings oor korter afstande te beweeg.

2.6 Buideldraers is spesiale mobiele krane wat ontwikkel is om ... te beweeg.

2.7 ’n ... word gebruik om materiaal te hou as ’n korttermynbuffer of wanneer goedere gesorteer moet word.

2.8 Robot- en geoutomatiseerde materiaalhanteringstelsels is meer ... en duur stelsels wat in sommige pakhuisopbergingstoepassings aangetref word.

2.9 ... word gebruik om ladings oor langer horisontale afstande te beweeg.

2.10 ... word gebruik om goedere op te lig of te laat sak deur gebruikmaking van ’n haak en ketting of staaltoumeganisme.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

Noem en verduidelik VYF vervoermodusse. (5 × 2) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Gee die SEWE belangrikste faktore wat aanleg- en pakhuiskeuse beïnvloed. (7)

4.2 Verduidelik VIER gevolge van verkeerde terreinkeuse. (4 × 2) (8)

4.3 Noem VYF pakhuis- en bergingsbestuur-uitdagings wat op die Suid-Afrikaanse konteks betrekking het. (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem TIEN items en komponente wat vir berging gebruik kan word. (10)

5.2 Noem en verduidelik VYF gevolge van onbehoorlike voorraadbeheer. (5 × 2) (10)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Noem die VIER prosesse van die verkrygingsfunksie. (4 × 2) (8)

6.2 Voltooi die volgende diagram wat die administratiewe proses aandui waarvolgens bates en goedere gekoop word, deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

kontrak; aflewering- en goedereontvangsbewys; uitnodiging vir tender; koopbestelling; faktuur en betalingsadvies; rekwisisie of spesifikasie



(6 × 2) (12)

6.3 Noem TIEN kommoditeite en goedere wat in die vraglogistiekbedryf aangekoop word. (10)
[30]

VRAAG 7

7.1 Noem SES aspekte wat in gedagte gehou moet word wanneer kliëntklagtes gehanteer word. (6 × 2) (12)

7.2 Verduidelik VIER grondbeginsels vir die hantering van moeilike kliënte. (4 × 3) (12)

7.3 Noem EEN diensondersteuning wat deur kliënte benodig word. (1)
[25]

VRAAG 8

8.1 Noem en verduidelik SES bergings- (‘salvage’) en afvalverwyderingsmetodes. (6 × 2) (12)

8.2 Noem en verduidelik SES kernelemente van die hantering van ’n beleid oor teruggestuurde goedere. (6 × 2) (12)

8.3 Noem EEN dokument rakende die hantering van teruggestuurde goedere wat met beleidsvereistes ooreenstem. (1)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou